**Tema:** Laat u wil geskied! Verstaan ons regtig wat ons bid?

**Vooraf sang**
Ps 37-1: 1, 2, 3, 4 (Mel: Ps 45 eerste mel)
Ps 40-1: 2, 4

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Ps 119-1: 2
Votum
Groetseën
Loflied: Ps 86-1: 3, 5, 6
Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Matteus 6: 10
Romeine 12: 1 en 2
Kolossense 1: 9 - 14

Belydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 49
**Teks:** Matteus 6: 10

Sing Ps 40-2: 7, 8 (Mel Ps 100)

Woordbediening

**Antwoorddiens**
Gebed
Liefdegawe
Sing Sb 10-1: 1, 2 (Mel:Ps 50 se 2 de mel)
Seën
Amenlied Sb 13 - 2

Geliefde brs. en srs. en kinders

**Ons word almal op een of ander stadium gefassineer deur die engele.** Ons het bv. vanmore gehoor dat die engele begerig was om te weet wat God aan die gelowiges geopenbaar het. Vanaand word die engele hier in die Kategismus aan ons voorgehou word as voorbeeld vir ons optrede. Ons moet nie net oor hulle wonder en vrae vra nie, **ons moet ook by hulle leer.**

**Ja, ons moet vanaand by hulle leer hoe om gehoorsaam te wees.** Hoe om aan die wil van God tot in die fynste besonderhede gehoorsaam te wees. Hoe om nie teë te praat, te huiwer of nee te sê nie, maar om elke oomblik gereed te wees om te doen wat God van my vra. Om alles wat God wil hê moet gebeur deur te voer, my daaraan te onderwerp en sy wil te volg.

Want dit is waaroor Sondag 49 handel: dit gaan oor my gehoorsaamheid aan God se wil. Meer nog: dit vra dat ek my wil **aflê om gehoorsaam te kan wees!**

So met die eerste luisterslag na die Ons Vader gebed wat Jesus ons leer, kan ons maklik onder die verkeerde indruk kom. Ons bid: "Laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied" so asof God al hierdie dinge laat gebeur en ek nie daarby betrokke is nie. Maar wat ons moet besef en wat hierdie derde bede so ingrypend maak, is die feit dat God hierdie dinge **deur my** laat gebeur. **Ek** is ten nouste betrokke hierby en as ek hierdie bede bid, dan bid ek vir my self werk af. Dan bid ek dat God **my sal gebruik** om sy wil te laat verwesentlik en dit is ŉ groot opgawe. Een van die kommentators skryf hier: As die gelowige hierdie bede bid, bid hy ŉ baie duur bede! Dit gaan ŉ prys vra en daarom kan en mag ons dit nie bid as ons nie die **konsekwensies** daarvan besef nie.

Kom ons probeer dan vanaand verstaan wat ons bid as ons bid: ‘Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde’.
En dan begin ons om eerstens te kyk na **God se wil**. Wat is hierdie wil van God? Uit die Bybel word dit duidelik dat daar in tweërlei sin oor die wil van God gehandel word. In die **eerste plek dui God se wil op daardie deel van sy handel met die wêreld wat ons ook God se ewige Raadsplan noem**. Dit wat Hy alreeds voor die skepping vir die wêreld en vir my lewe beplan het en wat Hy elke dag uitvoer.

Dit is duidelik broeders en susters, dat dit in hierdie bede nie in die eerste plek om hierdie aspek van die wil van God gaan nie. Ons hoef nie te bid dat hierdie wil van God gebeur nie, want dit gebeur in elk geval. God voer sy Raadsplan deur tot in die ewigheid en niemand kan iets daaraan verander nie. Elke dag en elke sekonde laat Hy daardie wil geskied en **net Hy weet wat dit behels**. Daarom praat ons ook dikwels van die **verborge wil** van God, net Hy weet wat sy Raadsplan behels en Hy voer dit uit.

**Maar tog moet ons ŉ oomblik stilstaan by ons reaksie op en ons gesindheid teenoor hierdie verborge Raadsplan van God, want dit raak tog ons lewe ten nouste**. Dit is in hierdie raadsplan wat God bepaal het wat in my lewe gebeur: wanneer ek siek word, wanneer ek sterf, wanneer Hy my op groot hoogtes laat kom en Hy my weer in die dieptes laat sink. Hoe reageer die gelowige op hierdie wil van God?

**Hierdie bede impliseer dat ons dit aanvaar**. As ek bid: Here, laat u wil geskied, dan is dit ŉ gelowige aanvaarding dat wat God laat gebeur vir my as sy kind ten beste gebeur. Al lyk dit op daardie oomblik nie vir my goed nie, moet ek aanvaar dat God – wat verder sien en meer weet – dit so wil laat gebeur. En daarom berus ons in hierdie wil van God.
Dan kan ons bid: Here, laat u wil geskied, al maak dit seer, ek aanvaar dit en berus daarby.

Maar God se wil het ook ŉ **tweede aspek en betekenis** en dit is **die geopenbaarde wil van** God. Dit wat Hy aan ons openbaar deur die natuur en deur sy Woord. Hoe Hy wil hê dat ons elke dag sal lewe. Sy reëls en riglyne vir die gelowige se lewe elke dag en in alle omstandighede. En dit is oor hierdie wil van God wat Sondag 49 in hoofsaak handel: dit wat u en ek weet wat God wil hê ons moet doen.

**Want, br. en sr., daar is een ding wat ons baie duidelik moet verstaan: ons weet wat God wil hê.** Dit word van kleins af vir ons geleer, dit wat in die Bybel staan en wat ons elke dag ter hand het en wat ons Sondag na Sondag hier in die prediking geleer word. Ons kan dus nooit sê: 'Ek het nie geweet nie'. Wanneer ons faal is dit dikwels eerder ŉ geval van: ek wou nie, as van 'ek het nie geweet nie'.

Natuurlik kom daar situasies in ons lewe wat ons nie presies weet wat God se wil vir daardie besonderse saak is nie. Situasies waarin ek moeilike besluite moet neem of waar ek dalk die beste tussen twee slegte sake moet kies en dit my gewete brand. Maar ook hierin gee God vir ons leiding. Hy gee vir ons sy wil om daarvolgens te handel in sulke situasies. Hy leer ons dan: moenie oor haastig besluite neem nie, bepeins dit, dink daaroor na, weeg en laat ander weeg, bid, vertrou en besluit. As ek dan besluit sonder om presies te weet wat God se wil vir my is, dan kan ek berus dat Hy die beste sal laat geskied.
Maar dit is eerder die uitsondering as die reël.

Vir die res van ons lewe het ons die Woord van God en **Hy gee vir ons duidelik deur wat sy wil vir ons daaglikse lewe is.** Daarom maak die Kategismus dit baie prakties as hy verklaar: 'sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan uitvoer soos die engele in die hemel'. En hiermee kom ons in die praktyk van ons lewe. As ons bid dat God se wil moet geskied dan God hê dat dit in die alledaagse dinge van ons lewe geskied. Ons moet in alles aan Hom gehoorsaam wees.

Sy wil wat mooi, heilig, lieflik en heerlik is, moet neerslag vind as ek besig is in die kombuis, die studeerkamer, fabriek, kantoor of skool. Daar moet God se wil deur my optrede vir die wêreld sigbaar word. Dat ek doen wat God wil hê ek moet doen, moet vir my familie, my medegelowiges, my werknemers of werkgewers, my bure of my spanmaats duidelik word.

Verstaan u nou hoekom ek aan die begin gesê het dat hierdie ŉ duur bede kan wees? Want nou kom die **kern van die Kategismus**, brs. en srs. : (lees stadig en met nadruk) '**Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee om aan u**

**wil gehoorsaam te wees.'** Het u mooi gehoor? Gee, dat .....! Want ons kan nie uit onsself nie! Ons wil net die slegte. Dit wat van nature in ons leef is om die verkeerde te wil doen. Om net onsself en ons eie wil te bevredig en nie te wil doen wat God wil nie.

Daarom bid ons: "Here, gee tog dat ons ons eie wil prysgee, sodat ons u wil kan doen". En dit is 'n baie duur bede. **Is ons werklik bereid om ons eie wil prys te gee**? Kom ons gaan toets dit ook in die praktyk van ons lewe. Daar in die huis, tussen my familie is dit 'n kenmerk van my dat ek altyd die minste sal wees? Ken my medegelowiges my as iemand wat graag diens lewer en liefde gee, of ken hulle my as iemand wat altyd eise stel en verwagtinge van ander koester? Ken my werkgewer my as 'n eerlike en harde werker wat net my beste gee? Ken my werknemers my as 'n regverdige en billike werkgewer wat ook vergoed na verdienste? Ken my kliente my as 'n eerlike sakeman wat hulle kan vertrou.

Ja, brs. en sr. , dit is 'n duur bede hierdie! Kom ons pas dit nog verder toe. Die Kategismus praat ook van "**ampte"**: dus mense wat in verkose posisies sit en daar hulle taak moet verrig. Is ek 'n predikant wat toegewyd en met liefde my werk verrig? Kom God se wil ook deur my prediking aan die woord of is dit ook maar dikwels my eie wil wat hier weerklank vind? Brs. en srs. ouderlinge en diakens, word God se wil ook gesien in die wyse waarop jy jou dienswerk verrig? En ook u br. en sr. wat deur God gestel is in die amp van gelowige: geskied sy wil in u dienswerk in die gemeente? So kan ons dit ook vra van elke amptenaar wat in die openbare lewe sy taak verrig.

Ja, 'n duur bede wat my platsak laat staan voor die Here tot wie ek dit bid.

**Maar brs. en srs. wonderlik! Deur hierdie bede te bid stel ek ook kragte in werking wat my daartoe in staat stel**. Ons bid immers: "Gee Vader, gee!" Gee dat die Heilige Gees volgens u belofte my gedagtes sal vernuwe en my wil sal verander om te doen wat U wil. Gee my ook die wiele soos die hemelse wesens in Eseg. 1 om onder bevel van die Heilige Gees in enige rigting gewillig te gaan waar u my stuur om u wil te laat geskied. Het u al mooi gekyk na daardie visioen in Eseg. 1? Die hemelse wesens wat daar beskryf word in hulle gehoorsaamheid aan God en dat hulle alles doen wat God hulle beveel. En dan sien Esegiël dat hulle onder hulle vlerke wiele binne wiele het. Hierdie "wiele binne wiele" dui hulle bereidwilligheid aan om in alles God se wil getrou uit te voer. Hierdie gewillige gehoorsaamheid aan die wil van God moet ons vanaand by die hemelwesens leer.

Dit laat my dink aan die wieletjies van 'n lessenaarstoel. Dit maak nie saak watter kant toe jy hom stoot nie, hy gaan gewillig. So moet ons ook in ons gehoorsaamheid aan God wees. Altyd bereid, sonder om te huiwer, sonder om eers te sê, maar wat hiervan of waarom so, wag eers, ek kan nie nou nie. Nee, maar volkome gehoorsaam en gewillig. **Brs. en srs. bid dan hierdie bede dat die Heilige Gees u wil so gehoorsaam en gewillig kan maak.**

**Wees bereid om u eie wil prys te gee**. Want alleen so kan u 'n broer en suster van ons Here Jesus wees. Hy sê in Matt. 12:50:' Elkeen wat die wil doen van

my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en suster en my moeder'. En nou het Hy juis vir ons die pad gebaan om dit te kan doen. Hy was bereid om in Getsemane te bid: 'My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil'. En God wou dat Hy aan die kruis ons sondige eie-wil gaan vasspyker sodat u en ek ook vandag kan en wil.

Deur daardie wonderlike gehoorsaamheid van Christus aan sy Vader se wil, brs. en sr., is dit nou nie meer so 'n duur bede om te bid nie. Want met Christus is ek tot enige iets in staat. Hy verander my wil, Hy vernuwe dit deur sy Gees sodat ek ook God se wil kan laat geskied.

Sekerlik nie nou, op hierdie aarde, net so volkome soos die engele in die hemel nie, maar daarna streef ek tot dat die Here hierdie aarde net soos die hemel maak en ek Hom daarin ewig, volkome gehoorsaam kan wees.

Brs. en srs., as u weer aan die engele dink: dink dan aan hulle ywer en volkome gehoorsaamheid aan die wil van ons Vader. Bid dan hierdie bede vrymoedig, met die volle besef van die konsekwensies, en sien hoedat God sy wil in u lewe volbring.

Amen.